# Die Christen
# & Alkohol

Doug Batchelor

Kopiereg © 2002 deur
Doug Batchelor

Alle regte voorbehou.

In Afrikaans vertaal deur
Anita van Deventer

Vir gebruik in die
Transvaal Konferensie

# DIE CHRISTEN
# EN ALKOHOL

## DEUR DOUG BATCHELOR

Inhoud

Twee Opponerende Kampe ……………………………………………………………
Wat is Alkohol? ……………………………………………………………………………
Twee Tipes Wyn – Volgens die Bybel ………………………………………………
Verwarrende Versies Verduidelik ……………………………………………………
Wat die Siel Ookal Verlang ……………………………………………………………
Wat Van Die Laaste Avondmaal? ……………………………………………………
Was Jesus 'n Dronkaard? ………………………………………………………………
Alkohol: Die Bybelse Skandemaker …………………………………………………
Gegiste Wyn Bring Wee ………………………………………………………… ..
'n Saak van Gesondheid …………………………………………………………………
Die Dodelikste Middel Op Aarde ……………………………………………………
'n Kwessie van Liefde ……………………………………………………………………
Verswakte Weerstand ……………………………………………………………………
Besoedelde Getuienisse …………………………………………………………………
Wyn op Pinksterdag ………………………………………………………………………
'n Bietjie vir die Maag ……………………………………………………………………
Ander Medisinale Gebruike ……………………………………………………………
Matige Verbruik ……………………………………………………………………………
'n Nasie van Priesters en Konings …………………………………………………
Opsomming ……………………………………………………………………………………

## ‘N VERBASENDE FEIT:

*Toetse toon dat nadat drie bottels bier gedrink is, daar 'n gemiddelde geheueverlies van 13 persent is. Nadat slegs klein hoeveelhede alkohol ingeneem is, was opgeleide tiksters getoets en hulle foute het met 40 persent toegeneem. Slegs 28 gram alkohol verleng die tyd wat vereis word om 'n besluit te maak met ongeveer 10 persent; beperk spierreaksie met 17 persent; vermeerder foute as gevolg van 'n gebrek aan konsentrasie met 35 persent.* – **Paul Harvey**

Is dit toelaatbaar volgens die Bybel vir ‘n Christen om alkohol te drink? Indien wel, hoeveel?

Hierdie kontroversiële onderwerp het al heelwat sterk menings onder Christene laat ontstaan. Waarom? Swyg God se Woord oor alkohol of is dit enigsins onduidelik daaroor?

Ek kan u verseker dat die Bybel geensins dubbelsinnig is wanneer dit oor alkohol praat en hoe dit God se volgelinge raak nie. Ek hoop dat die volgende studie u sal help om u eie Bybelgebaseerde gevolgtrekking te maak oor hierdie belangrike onderwerp.

### Twee Opponerende Kampe

Onder Christene is daar twee basiese denkwyses oor hierdie sensitiewe onderwerp. Die eerste groep argumenteer dat Jesus Self wyn gedrink het, en aangesien ‘n Christen ‘n volgeling van Christus is, hoe kan dit verbied word? Oor die algemeen voeg hulle met ‘n gematigde houding by: “ten spyte daarvan moet daar nie oormatig gedrink word nie.”

Dan is daar die ander sienswyse: Alkohol is ‘n verslawende en vernietigende dwelm wat Christene geensins moet gebruik nie.

Tussen hierdie twee menings wat direk teenstrydig is, is daar natuurlik verskeie ander opinies. In hierdie kort oorsig, kan ek onmoontlik nie die hele spektrum van sienswyses aanspreek nie – dus sal ek poog deur die Skrifte en algemene kennis te gebruik om by die kernbeginsels te hou.

Ek moet openlik vanaf die begin erken dat ek beslis aan die ongegiste kamp behoort! Ek glo dat bybelse verwysings na die gebruik van wyn deur Jesus na druiwesap verwys.

Voordat die wynfynproewers egter hierdie boek wegsit, is u dit aan uself verskuldig om na my te luister. Ek het groot geword met die gereelde gebruik van wyn of bier saam met etes – ek het selfs my eie bier gebrou en eenkeer wyn gemaak. Ek was egter nooit ‘n alkoholis nie en daarom is my standpunt nie die gevolg van ‘n oorreaksie deur om ‘n volkome en nugter oorwinning te behaal nie.

**Wat is Alkohol?**

Kom ons begin met ‘n definisie. Daar is baie vorms van hierdie samestelling wat alkohol genoem word. Dit word egter algemeen aanvaar dat almal van hulle as gifstowwe geklassifiseer word – giftig vir die menslike liggaam. Die alkohol wat in drankies soos bier, wyn en brandewyn gevind word, is etielalkohol ($C_2H_5OH$), ‘n deursigtige, hoogs ontvlambare vloeistof met ‘n brandende smaak en ‘n kenmerkende reuk.

Wat gebeur wanneer ‘n persoon hierdie tipe alkohol inneem? Wel, dit is gewoonlik noodlottig indien die konsentrasie van etielalkohol in die bloedstroom ongeveer vyf persent oorskry! Maar selfs vir diegene wat dit matig gebruik, kan onmiddellike gedragsveranderinge, belemmering van sig en bewusteloosheid by laer konsentrasies voorkom.

Dit is interessant, is dit nie? Dit is presies dieselfde uitwerking wat ander onwettige dwelms soos heroïne, en selfs dagga op diegene het wat daardie middels gebruik. Ek twyfel of daar enige Christelike kerke is wat die gebruik van hierdie dwelms sal goedkeur, selfs in ontspanne sosiale omstandighede – of selfs om "die senuwees te kalmeer" voor slapenstyd. Is daar dus enige rede waarom alkohol nie in hierdie lys van dwelms wat vermy moet word, ingesluit moet word nie?

**Twee Tipes Wyn – Volgens die Bybel**

Die woord "wyn" in die Bybel verwys somtyds na die nuwe – of vars sap van die druif; ander kere word dit gebruik om die verouderde of gegiste produk wat die dwelm alkohol bevat, te beskryf. Die vertalers het nooit die uitdrukking "druiwesap" gebruik nie. In die Hebreeuse weergawe gebruik die skrywers verskillende woorde om tussen die twee te onderskei. Die woord *tîyrôsh* word vir nuwe ongegiste wyn gebruik, en *yayin* word gewoonlik vir gegiste wyn gebruik, maar daar is uitsonderings (**Jesaja 16:10**). In die Nuwe Testament word slegs een Griekse woord gebruik om beide gegiste en vars druiwesap te beskryf: *oinis.* Hierdie behoort egter nie 'n probleem te wees nie. Deur eenvoudig die konteks van die woord in 'n gedeelte te verstaan, sal die gepaste betekenis gewoonlik na vore kom. Tensy die gedeelte dus <u>ou</u> of <u>nuwe</u> wyn sê (soos in **Lukas 5:37-39**), sal die konteks dikwels vir ons verklaar watter soort druiwesap beskryf word.

Een eenvoudige voorbeeld kom voor in **Markus 2:22:** ***"En niemand gooi nuwe wyn in ou leersakke nie; anders sal die nuwe wyn die sakke laat bars, en die wyn loop uit en die sakke vergaan. Maar nuwe wyn moet in nuwe sakke gegooi word."*** Vanselfsprekend sou die nuwe wyn die vars ongegiste soort gewees het.

Verder lees ons in die Ou Testament in **Jesaja 65:8,** ***"Soos wanneer iemand mos vind in 'n tros druiwe en sê: Verniel dit nie, want daar is 'n seën in …"*** Dit is duidelik in beide hierdie gedeeltes dat die nuwe wyn eenvoudig druiwesap is.

**Verwarrende Versies Verduidelik**

Die hele Skrif is duidelik en onversetlik teen die inname van alkohol, maar die menslike natuur sal na enige skriftelike dubbelsinnigheid kyk as 'n "skuiwergat" om die gebruik van alkohol te regverdig.

'n Voorbeeld van hierdie redenasie is die huwelik te Kana, waar Jesus water in wyn verander het. ***"En toe die hoofdienaar die water proe wat wyn geword het – en hy het nie geweet waarvandaan dit was nie, maar die dienaars wat die water geskep het, het geweet – roep die hoofdienaar die bruidegom en sê vir hom: Elke mens sit eers die goeie wyn op en, wanneer hulle goed gedrink het, dan die slegste; maar u het die goeie wyn tot nou toe bewaar." (Johannes 2:9,10).*** Diegene wat die inname van alkohol ondersteun, suggereer dat hierdie alkoholiese wyn was – per slot van sake was dit 'n huwelik, en elke huwelik het wyn – of is dit nie so nie? Laat ons egter stilstaan om die implikasies te oorweeg. Daar was ses potte vir Jesus om te vul, en elkeen van daardie kon 90 tot 135 liter hou. Dit is ongeveer 810 liter drank!

Moet ons glo dat Jesus 810 liter vernietigende dwelms gemaak het – genoeg om elke gas dronk te maak en hierdie nuwe huwelik met slepende tonge en waggelende bene in te wy? Hy sou inderdaad teen Sy eie Woord opgetree het! (**Habakuk 2:15; Lukas 12:46; Efesiërs 5:18**). Indien ons hierdie gedeelte benader deur op die Skrif as 'n geheel staat te maak, sal ons sekerlik tot die gevolgtrekking kom dat Jesus ongegiste wyn gemaak het – en die hofdienaar van die fees het die bruidegom

geluk gewens met die goeie kwaliteit. (**Johannes 2:4,6,10. Vergelyk ook Markus 1:24, 2 Samuel 16:10**).

**Wat die Siel Ookal Verlang**

Daar is verdere Skrifgedeeltes wat met die eerste oogopslag ‘n mens kan laat aflei dat daar Bybelse goedkeuring is om ‘n bietjie gegiste wyn in matigheid te drink. In die volgende paar gedeeltes sal ons sommige van hierdie versies ondersoek wat soms verbind word met die feit dat dit gegiste wyn goedkeur, alhoewel dit geensins enigiets van die aard doen nie.

***“Dan moet jy die geld gee vir alles wat jou siel begeer, vir beeste en kleinvee en wyn en sterk drank en vir alles wat jou siel begeer, en jy moet daar eet voor die aangesig van die Here jou God en vrolik wees, jy en jou huis.” (Deuteronomium 14:26).*** Die uitdrukking “sterk drank” word vertaal van die woord *shekar*. ‘n Shekar word deur Salomo veroordeel as ‘n ***“twissoeker” (Spreuke 20:1).*** En Jesaja spreek ‘n oordeel uit oor diegene wat ***“agter sterk drank aanhardloop*** *(shekar)*” (**Jesaja 5:11**). Sterk drank was altyd verbode vir die priesters (Levitikus 10:9-11) en Nasireërs (**Numeri 6:2-4; Rigters 13:3-5**). Hoe kon God dus die gebruik van “sterk drank” so uitdruklik op een plek in die Bybel veroordeel, en dit op ‘n ander plek goedkeur? Soos die woord *yayin* (“wyn”) is *shekar* ‘n generiese uitdrukking wat na ‘n alkoholiese drank kan verwys, soos hierbo aangehaal, of na ‘n soet, ongegiste drank soos aangedui in **Jesaja 24:9**. *Shekar* word ook deur ***The Popular and Critical Bible Encyclopedia*** gedefinieer as: “Soet Wyn Of Stroop. Shekar, heuningsoet, stroperige drank of soet stroop, veral suiker of heuning van dadels of van die palmboom” of “Dadel- of Palmwyn in sy vars en ongegiste toestand.” In werklikheid is “suiker” en “appelasyn” afleidings van *shekar*. Aangesien *shekar* dus soet ongegiste drank of ‘n bedwelmende

drank kan beteken, moet ons die woord vertolk volgens die konteks van die versie. Sou God die gebruik van tiendegeld aangemoedig het om ‘n drankie aan te koop wat beskonkenheid, gesondheidsprobleme en die verlaging van morele vermoëns sou veroorsaak? Die enigste redelike gevolgtrekking is dat hierdie versie verwys na die soet palmwyn drankie in sy vars en ongegiste toestand.

Selfs al weier ‘n persoon om hierdie vertaling van die woord te aanvaar, hou in gedagte dat die versie in **Deuteronomium 14:26** nooit vir hulle sê dat dit in orde is om hierdie drankie te drink nie. Dit het eerder die saak aangespreek van hoe om offers wat aan die Here gebied moes word te vervoer wanneer oor lang afstande gereis word. Moses het aanbeveel dat hulle geld met hulle moes saamdra in plaas van om die offers van diere, graan en wyn vir lang afstande te vervoer. Wanneer hulle aangekom het, moes hulle koop wat hulle ookal nodig gehad het vir offerandes. Die diere-offers kon geëet word, maar hulle was beveel om die drankoffers op die grond uit te giet. ***“En die drankoffer wat daarby behoort, moet wees ‘n kwart-hin vir elke lam. In die heiligdom moet jy die drankoffer van sterk drank aan die Here uitgiet.” (Numeri 28:7).***

**Wat Van die Laaste Avondmaal?**

Sommige voer aan dat indien Jesus wyn tydens die Laaste Avondmaal gedrink het, en dit selfs as ‘n simbool van Sy reinigende bloed ingestel het, hoe kan die drink van ‘n bietjie wyn – selfs net toevallig – verkeerd wees? Inderdaad is die Nuwe Testament gebaseer op Christus se offer en die stort van Sy bloed. Daar is geen twyfel dat Jesus wyn tydens die Laaste Avondmaal gebruik het nie, maar dit is verkeerd om aan te neem dat die wyn gegis was.

***“Want dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament,***

***wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes. Maar Ek sê vir julle: Ek sal van nou af nooit meer van hierdie vrug van die wynstok drink nie, tot op daardie dag wanneer Ek dit met julle nuut sal drink in die koninkryk van my Vader." (Mattheus 26:28-29,*** *beklemtoning bygevoeg*). Jesus het beslis hier die nuwe wyn as 'n simbool van Sy nuwe verbond met Sy volk gebruik. Jesus noem wyn ook die "vrug van die wingerdstok." Nadat wyn egter deur die proses van gisting gegaan het, is dit definitief nie meer die vrug van die wingerdstok nie, net soos wat jogurt nie meer die produk van 'n koei is nie.

Verder weet ons ook dat die Pinkstermaaltyd vry moes wees van alle vorms van suurdeeg (**Exodus 12:19**). Gisting is die identiese proses van 'n rysmiddel! Indien die brood vry van suurdeeg moes wees, wat 'n sinnebeeld van sonde is, kan ons seker wees dat die wyn, 'n simbool van Jesus se bloed, wat tydens die Laaste Avondmaal gebruik was, ook vry van die gif van alkohol sou wees. Die volmaakte, sondelose bloed van Jesus sou nooit deur bedorwe en ontbinde ou wyn gesimboliseer gewees het nie.

Jesus het Sy edele leerstellings vergelyk met die gesonde nuwe wyn (**Mattheus 9:17**). Inderdaad word alle korrupte leerstellings vergelyk met die gegiste wyn van Babilon! Babilon was geïdentifiseer as 'n plek ***"met wie die konings van die aarde gehoereer het, en die bewoners van die aarde het dronk geword van die wyn*** **(van Babilon)** ***van haar hoerery." (Openbaring 17:2).***

Nog 'n voorbeeld: ***"En Daniël het hom voorgeneem om hom nie te verontreinig met die spys van die koning of met die wyn wat hy gedrink het nie" (Daniël 1:8).***

**Was Jesus ‘n Dronkaard?**

Fariseërs het Jesus dikwels daarvan beskuldig dat hy ‘n wynsuiper, dronkaard en vraat was. Hulle het ook, onder andere gesê dat Hy ‘n duiwelbesetene en Godslasteraar was. Hy was beslis nie ‘n vraat of duiwelbesete godslasteraar nie! Aangesien hierdie stellings definitief nie waar is nie, waarom moet ons dus aanneem dat ons Here ‘n drinker was soos aangedui deur die Fariseërs, ‘n groep van Jesus se mees uitgesproke teenstanders, welbekend vir hulle twyfelagtige teologie?

Hulle het slegs Sy lewenstyl vergelyk met die strengheid van Johannes die Doper, ‘n praktiserende Nasireër, wat homself onthou het van enige produk van die wynstok en sprinkane en wilde heuning geëet het (**Numeri 6:3; Lukas 7:33-34; 1:15; Johannes 8:48-52; Markus 2:7; Mattheus 3:4**).

Toe Jesus smagtend na water aan die kruis gehang het, het die Romeinse soldate vir Hom gegiste wyn met mirre gemeng aangebied. Dadelik toe Jesus dit geproe het en besef dat dit gegis was, het Hy dit geweier. Indien Jesus hierdie drankie geweier het selfs toe Sy liggaam met dors geteister was, waarom sou Hy dan normaalweg wyn gedrink het (**Mattheus 27:34**)? (En meer tot die punt, waarom moet ons?)

**Alkohol: Die Bybelse Skandemaker**

Die eerste verwysing na wyn word in Genesis gevind toe Noag, na die vloed, die oorspronklike gegiste druiwesap gemaak het. ***“Maar toe hy van die wyn gedrink het, het hy dronk geword en naak in sy tent gelê.” (Genesis 9:21).*** Die treurige verslag is dat nadat Noag gedrink het, hy nakend rondgestrompel en homself skaamteloos aan sy seuns blootgestel het. Hierdie eerste eksperiment met ‘n nuwe dwelm het tragies geëindig met ‘n verpletterende vloek op Noag se nageslag.

Lot het ook gedrink en gevolglik was hy maklik verlei om

bloedskande met sy dogters te pleeg. ***"Hulle gee toe dié nag aan hulle vader wyn om te drink, en die oudste het gekom en met haar vader gemeenskap gehad sonder dat hy dit gewaar het toe sy gaan lê en toe sy opstaan." (Genesis 19:33).*** Die afstammeling van hierdie verhouding was die nasies bekend as Moab en Amnon, die onversoenlike vyande van God se volk. En vandag is daar voldoende bewyse dat alkohol dikwels tot seksuele immoraliteit soos egbreuk, verkragting en bloedskande lei.

Dan is daar die skandelike ondervinding van die kinders van Israel toe hulle alkohol gedrink, hulleself kaal uitgetrek en 'n goue kalf aanbid het (**Exodus 32:6, 25**). Hierdie gegiste "kerkpartytjie" het in 'n afgryslike bloedbad geëindig.

Nog 'n drinker, Amnon die seun van Dawid, het sy halfsuster Tamar verkrag. As gevolg van hierdie verraderlike daad het hy sy lewe aan die hande van sy woedende broer verloor terwyl hy beskonke was (**2 Samuel 13:28**).

Hierdie is slegs 'n paar voorbeelde. Vir verdere voorbeelde in die Bybel van die verskriklike nagevolge waar alkohol betrokke is, lees **2 Samuel 13:28, Job 1:13-19.** Wanneer 'n mens die Bybelse verslag van gegiste drank oordenk, is jy verwonderd oor waarom enige opregte Christen dit verdedig!

## Gegiste Wyn Bring Wee

Die woord "wee" word nie vandag algemeen in die landstaal gebruik nie. Die woord beteken diepe ellende of nood – soos van droefheid en/of ongelukkigheid. Daar word gevind dat die Bybel die woord op baie verskillende plekke gebruik; dit is nie 'n verrassing dat die gebruik van alkohol dikwels die rede is waarom die woord gebruik word nie!

- ✓ ***"Wee hulle wat vroeg in die môre klaarmaak om sterk drank na te jaag, wat in die nag laat opbly terwyl die wyn***

***hulle verhit.”  (Jesaja 5:11).***

- ✓ ***“By wie is “Ag!”; by wie is “Wee my!”; by wie is getwis; by wie is geklaag; by wie is dofheid van oë? By die wat laat opbly by die wyn, by die wat ingaan om gemengde drank te proe.”  (Spreuke 23:29-30).***
- ✓ **“Wee hom wat aan sy naaste drank gee, wat jou gif daarmee meng, en *hulle* ook dronk maak om hulle naaktheid te aanskou.”  (Habakuk 2:15).**

Het die Christen enige verdere veroordeling van alkoholgebruik nodig as hierdie?  ‘n Eenvoudige en veilige reël vir hierdie omstrede saak is:  “Wanneer jy wonder, gaan daarsonder!”

**‘n Saak van Gesondheid**

***“Want julle is duur gekoop.  Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort.”  (1 Korinthiërs 6:20).*** Van lewersiektes tot maagsere tot kranksinnigheid, ‘n byna eindelose lys van gesondheids-probleme, word gekoppel aan die drink van alkohol.

Alkohol (ook graanalkohol) is ‘n gifstof wat die sentrale senuweestelsel ernstig aantas wanneer dit ingeneem word. Meeste mense is bewus daarvan dat selfs die matige “sosiale drankie” breinselle vernietig.

Indien ‘n persoon ‘n klein slukkie whisky vir ongeveer tien minute in hulle mond hou, sal verskeie dele van die binnekant van hulle mond vol blase word.  Indien u hulle dan blinddoek en hulle veskeie drankies laat proe – byvoorbeeld, water, asyn, of melk – sal u vind dat hulle nie in staat is om die een van die ander te onderskei nie.  Hierdie eksperiment bewys dat alkohol nie slegs ‘n hewige prikkelmiddel is nie, maar ook ‘n narkotiese een.

Ek dink dat selfs die sterkste voorstander van alkohol eerlik moet erken dat die inname daarvan sekerlik nie God verheerlik

in hulle liggame nie;  inteendeel vernietig dit stadig die liggaam en die verstand, wat ‘n onbetwisbare oortreding van die Sesde Gebod is.

Net soos wat die rook van sigarette selfmoord in paaiemente is, so is alkohol – ‘n hoofoorsaak van sterftes in die Verenigde State van Amerika.

Oorweeg ook dat daar ‘n byna eindelose keuse van ander drankies is om te drink wat die liggaam en verstand opbou. Waarom sou enige Christen dus hiermee wou dobbel – om hulle gesondheid, getuienis, familie en ewige lewe in gevaar te stel deur hierdie vernietigende middel te verdedig?

**Die Dodelikste Middel op Aarde**

Abraham Lincoln het gesê, “Drank is ‘n kanker in die menslike samelewing, wat sy lewenskrag opvreet en sy bestaan bedreig.”  Soveel verwoesting word deur alkohol veroorsaak in ons samelewing, op ons paaie en in ons huise dat hierdie gladnie ‘n uitgesproke of verrassende stelling is. Indien die Bybel geswyg het oor hierdie onderwerp, sou die aanskouingslesse van verwoesting in die geskiedenis oor ‘n duisend jaar nog steeds glashelder gewees het.  Maar die Skrifte sê heelwat.

***“By wie is “Ag!”; by wie is “Wee my!; by wie is getwis; by wie is geklaag; by wie is wonde sonder oorsaak; by wie is dofheid van oë? By die wat lááát opbly by die wyn, by die wat ingaan om gemengde drank te proe.  Kyk nie na die wyn as dit rooiagtig lyk, as dit sy glans gee in die beker, glad na binne gly nie: op die end byt dit soos ‘n slang en spuug gif uit soos ‘n basilisk.  Jou oë sal vreemde dinge sien en jou hart verkeerde dinge spreek;  en jy sal wees soos een wat in die hart van die see lê en soos een wat op die top van die mas lê.  Hulle het my geslaan, sê jy dan, ek***

***het geen pyn gevoel nie; hulle het my neergeslaan, ek het dit nie gemerk nie!" (Spreuke 23:29-35).***

En Jeremia het gesê dat God ***"bottels wyn"*** vrylik beskikbaar sou maak om die nasie te vernietig (**Jeremia 13:12-15**). Hoe waar is dit nie in die VSA nie – met advertensies wat geteiken is op die jongmense en mees vatbare burgers?

Is ons dan enigsins verbaas dat met 'n nasie wat deur die valse plesier van alkohol verslind word, die verbruik daarvan selfs by die jongstes aangemoedig word? Daar is onbetwisbare bewyse wat wydverspreide alkoholgebruik en die toename in misdaad wat deur jong volwassenes – en selfs kinders, gepleeg word, ondersteun. (Het u geweet dat daar 3.3 miljoen probleemdrinkers in slegs die VSA se hoërskole is?)

Miga het ook gewaarsku teen die leuens van valse profete wat wyn en sterk drank goedkeur (**Miga 2:11**).

Vandag word nog steeds "matigheid" met alkohol verkondig, maar die geskiedenis het bewys dat matigheid met 'n verslawende dwelm onmoontlik is.

**'n Kwessie van Liefde**

***"Dit is goed om geen vleis te eet of wyn te drink of iets te doen waardeur jou broeder aanstoot neem of struikel, of waarin hy swak is nie." (Romeine 14:21).*** Aangesien een uit elke sewe mense wat wyn drink, probleemdrinkers of alkoholiste sal word, hoe kan 'n Christen 'n bedryf ondersteun wat meer mense aanmoedig om te struikel as wat enige ander wettige middel dit doen?

Volgens Zig Ziglar is owerhede bewus daarvan dat ongeveer een uit elke sestien mense wat 'n sosiale drankie gebruik, 'n alkoholis sal word! Sou u selfs een tree op 'n vliegtuig gewaag het indien u geweet het dat daar 'n een uit 16 kans is dat dit sou neerstort en u kan sterf? (In werklikheid is die kanse dat 'n

kommersiële vliegtuig sal neerstort nader aan een uit ‘n miljoen – maar selfs met daardie kans, weier sommige mense steeds om te vlieg. Tog sal baie van hierdie selfde mense ‘n drankie neem!)

Oorweeg hierdie ander welbekende feit: In die volgende 24 uur sal alkohol verantwoordelik wees vir byna die helfte van alle:

- ✓ … moorde
- ✓ … mense wat op ‘n snelweg sal sterf.
- ✓ … mense wat in ‘n hospitaal opgeneem sal word.
- ✓ … mense wat in ‘n tronk of gevangenis geplaas sal word.
- ✓ … mense wat vir huishoudelike geweld in hegtenis geneem sal word.
- ✓ … mense wat met gebreke gebore sal word.

Verder is alkohol ook ‘n verantwoordelike faktor by ‘n kwart van alle selfmoorde.

Dit is duidelik genoeg uit hierdie ontstellende statistieke dat enige helderdenkende burger, veral ‘n Christen, heilig oortuig sal wees om ‘n dwelm te vermy wat verantwoordelik is vir so ‘n werklike vloedgolf van ellende in elke kultuur wat dit aanraak. Indien ons ons broeder en God waarlik liefhet, hoe kan ons enigsins die drink van alkohol verdedig? Paulus sê dat hy nie vleis sal eet of wyn sal drink of enigiets sal doen wat vir sy broeder ‘n aanstoot sal wees nie (**Romeine 14:21**). Met soveel alkoholiste wat probeer om van hulle verslawing bevry te word, moet ons nooit toelaat dat hulle weer struikel deurdat ons selfs effens veranderlik is in ons voorbeeld.

**Verswakte Weerstand**

***“Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug.” (Jakobus 4:7).***

Dit is ook ‘n goed gedokumenteerde feit dat om selfs die

kleinste hoeveelheid alkohol te drink, reaksies aantas en normale inhibisies verswak.

Eenvoudig gestel: Dit verswak ‘n Christen se voorneme om versoeking te weerstaan. Waarom sou enige Christen dit vir die duiwel makliker wil maak om hulle in ‘n strik te vang? Baie mans en vroue het na ‘n nag waarin ‘n paar glase wyn of bottels bier gebruik is, wakker geskrik om te ontdek dat hulle die Sewende Gebod oortree het en vir ewig hulle lewens en reputasies geskend het.

Dit is waarom Petrus ons vermaan ***“Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos ‘n brullende leeu en soek wie hy kan verslind.” (1 Petrus 5:8).*** Die duiwel is altyd daarop uit om ons te vang! Laat ons dit nie vir hom makliker maak deur ons Godgegewe weerstand met alkohol te verflou nie!

Onthou dat selfs toe Jesus aan die kruis gehang het, geteister deur dors, Hy geweier het om die wyn wat hulle vir Hom aangebied het, te drink. ***“En vir Hom asyn, met gal gemeng, gegee om te drink; en toe Hy dit proe, wou Hy nie drink nie.” (Mattheus 27:34).*** Met die verlossing van die planeet in die weegskaal, sou Hy nie die risiko neem dat Sy oordeel belemmer sou word deur selfs ‘n mondvol wyn nie, wat Sy lyding om ons onthalwe ‘n bietjie meer draagliker sou maak. Verwag Hy minder van ons?

**Besoedelde Getuienisse**

Die groot Kanadese geneesheer Sir William Osler het eendag ‘n lesing oor alkohol gegee. “Is dit waar,” het ‘n student gevra, “dat alkohol mense sommige dinge beter laat doen?”

“Nee,” het Sir William geantwoord. “Dit maak hulle net minder verleë as hulle dit sleg doen.”

Christene wat alkohol drink, besoedel hulle getuienisse aan

die wêreld daarbuite – sowel as aan diegene in die kerk. En diegene wat die seerste kry deur hierdie middeweg van getuienisse, is die kinders.

Dit moet sekerlik vir kinders verwarrend wees om hulle moeders en vaders te sien bid – en dan ‘n paar biere te sien drink. Jesus het hierdie skynheiligheid verdoem met die sterkste taal: ***“Maar elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in My glo, laat struikel, dit is vir hom beter dat ‘n meulsteen om sy nek gehang word en hy wegsink in die diepte van die see.” (Mattheus 18:6).***

‘n Besorgde vader het sy predikant genader en gesê, “Leraar, praat met my seun oor drank. Hy het gisteraand huistoe gekom en op die vloer neergeslaan – te dronk om op te staan. Sy moeder het vir die res van die nag gehuil.”

“Waarom praat jy nie self met jou eie seun nie?” het die predikant gevra.

Die vader het egter gesê, “Dominee, ek kan nie met my seun daaroor praat nie, want ek is daarvoor verantwoordelik. Ek wou hê dat hy ‘n man moes wees en daarom het ek vir hom sy eerste glas drank gegee. Ek het nooit gedroom dat hy ‘n dronkaard sou word nie. Praat asseblief met my seun. Ek kan nie met hom praat nie.”

Dit is ‘n tragiese feit dat rondom die wêreld vaders en moeders hierdie selfde scenario beleef.

Ons word gemaan ***“Gaan onder hulle uit en sonder julle af, … en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem.” (2 Korinthiërs 6:17).*** Wanneer ‘n Christen egter begin om alkohol te drink, wys hulle dat hulle nie van wêreldse dinge geskei is nie.

Baie Christene wonder dan waarom God hulle nie meer gebruik om groot dinge te doen nie. God sal nie ‘n Christen vir enige groot werk gebruik wat toegewings maak nie. God gebruik

slegs skoon houers vir sulke verbasende pogings.

## Wyn op Pinksterdag

Op Pinksterdag, toe die dissipels met die Heilige Gees vervul is, het toeskouers gesê, ***"Hulle is vol soetwyn." (Handelinge 2:13).*** Die Griekse woord hier is *gleukos*, wat nuwe ongegiste wyn of "mos", 'n soet gekookte nie-alkoholiese druiwesap was. Hierdie toeskouers het die toegewyde dissipels gespot deur te sê, "Hulle is dronk van druiwesap." Dit dui aan dat die dissipels bekend was daarvoor dat hulle hulleself van alkohol weerhou het! Hoe is dit dan dat ons nie hulle duidelike voorbeelde moet volg nie?

## 'n Bietjie vir die Maag

Paulus sê ook vir Timotheus ***"Moenie langer water alleen drink nie, maar gebruik 'n bietjie wyn ter wille van jou maag en jou herhaalde ongesteldhede." (1 Timotheus 5:23).*** Daar word deur baie aanvaar dat die wyn wat Paulus hier vir Timotheus aanbeveel alkoholies is. Dit is egter 'n valse opvatting omrede die volgende: Eerstens, die woord *oinos* word gebruik, en soos wat ons alreeds geleer het, kan dit gegiste of ongegiste druiwesap beteken. Verder is daar geskiedkundige verwysings wat die gebruik van ongegiste wyn vir medisinale doeleindes in die antieke wêreld staaf. Byvoorbeeld, Athenaeus (280 nC) beveel aan dat ongegiste druiwesap vir maagongesteldhede gebruik word.

Timotheus moes ook soos 'n Nasireër geleef het en slegs water gedrink het. Paulus het vir hom gesê om 'n bietjie druiwesap te gebruik, wat 'n baie kalmerende invloed op die liggaam het – wat aandui dat Timotheus nie wyn gebruik het nie en aangemoedig moes word om selfs 'n bietjie nuwe wyn te neem. Om gegiste wyn te drink, kan bydra tot maagsere. Paulus

sou nooit ou wyn vir maagterapie aanbeveel het nie.

Vroeër in dieselfde sendbrief, beveel Paulus vir Timotheus dat biskoppe onthouers moes wees (*nephalion*) (**1 Timotheus 3:2-3**). Die apostel sou nie vir Timotheus aangemoedig het om alkoholiese dranke te drink as hy vroeër in dieselfde brief die gebruik daarvan deur kerkleiers verbied het nie (**1 Timotheus 3:8**), wat ons na die volgende onderwerp lei.

## Ander Medisinale Gebruike

***"Gee sterk drank aan hom wat wil ondergaan, en wyn an die wat bitter bedroef is. Laat hy drink en sy armoede vergeet en aan sy moeite nie meer dink nie." (Spreuke 31:6-7).*** Hierdie teks spreek diegene aan wat "totniet gaan" (*obed*) en diegene in "diepe nood" (*marei naphesh*). Beide die Hebreeus terms dui 'n desperate, hopelose situasie aan. Met ander woorde, dit beskryf 'n situasie waarin 'n persoon in doodsangs sterf. Dit was deur die Jode gedoen en ons vind dat ***"wyn gemeng met mirre" (Markus 15:23)*** aan Christus gebied was op die kruis, maar Hy het geweier om dit te drink. Hierdie gedeelte, al keur dit nie die algemene gebruik van alkohol goed nie, maak voorsiening vir die medisinale gebruik van alkohol as 'n pynverdower in die spesifieke situasie waar 'n persoon in uiterste ellende verkeer.

## Matige Verbruik

***"Net so moet die diakens waardig wees, nie uit twee monde spreek nie, nie verslaaf aan wyn nie, geen vuilgewinsoekers nie." (1 Timotheus 3:8).***

Terwyl dit bolangs blyk asof hierdie versie matige gebruik aanvaar, moet ons die bybelse konteks onthou dat God die matige gebruik goedkeur van goeie dinge, maar totale onthouding aanbeveel van die slegte. Met hierdie in gedagte, vermaan

Paulus diakens om matig te wees met die gebruik van goeie, ongegiste wyn. Matigheid in goeie dinge word deur verskeie Bybelgedeeltes ondersteun. Heuning, ‘n gesonde, natuurlike voedsel, moet ook matig gebruik word: ***“Om baie heuning te eet, is nie goed nie.” (Spreuke 25:27).***

Gulsigheid, in jou ete of drinke, selfs met goeie dinge in oormaat, word heeltemal in die Bybel veroordeel (**Deuteronomium 21:20; Spreuke 23:21**), en Jesus beskryf gulsigheid as een van die belangrikste sondes van mense wat deur die vloed vernietig was (**Mattheus 24:38**). Om te veel te eet en te drink, was algemeen aanvaar in die Romeinse Ryk. Ons moet ook onthou dat een van die pligte van diakens was om die huise van die gelowiges te besoek. Soos wat vandag ook die gebruik is, was besoekers druiwesap aangebied om te drink. Diakens moes matigheid betoon wanneer hulle druiwesap gedrink het, sodat die klagte van gulsigheid nie teen Christene ingebring kon word nie. Die aanvaarbaarste verklaring vir hierdie versie is dus dat Paulus diakens verbied het om te veel ongegiste druiwesap te drink.

Wanneer Paulus sê, ***“Moenie dronk word van wyn nie - daarin is losbandigheid; maar word met die Gees vervul,”*** het sommige gedink dat hierdie versie slegs sê dat daar nie te veel gedrink moet word nie. Die woorde vir oormaat in Grieks is *asotia*, wat vertaal word as oproer en losbandig leef (**Efesiërs 5:18, 1 Petrus 4:4, Lukas 15:13**). Darby se vertaling vertaal dit so: ***“En word nie dronk van wyn nie, waarin losbandigheid is nie; maar word met die Gees vervul” (Efesiërs 5:18).*** Ons word gevra om heilige houers te wees, gevul met God se Gees.

**‘n Nasie van Priesters en Konings**

‘n Ander kragtige argument vir moderne Christene om hulleself van alkohol te weerhou, is ons koninklike en

godsdienstige geestelike erfenis. Wanneer oorweging geskenk word aan die uitwerking en gepaardgaande ellende, soos die Bybel sê, wat dit bring aan diegene wat alkohol voorheen gebruik het, het die volgende tekse sekerlik ‘n baie kragtiger invloed op ons harte:

- ✓ ***Exodus 19:6 – “En julle sal vir My ‘n koninkryk van priesters en ‘n heilige nasie wees.”***
- ✓ ***1 Petrus 2:9 – “Maar julle is ‘n uitverkore geslag, ‘n koninklike priesterdom, ‘n heilige volk, ‘n volk as eiendom verkry."***

En hoe het alkohol diegene beïnvloed wat deel van hierdie koninklike priesterdom was? Oorweeg die volgende:

- ✓ ***Levitikus 10:9, 10 – “Moenie wyn of sterk drank drink nie, jy of jou seuns saam met jou as julle in die tent van samekoms ingaan, dat julle nie sterwe nie; ‘n ewige insetting is dit vir julle geslagte en julle moet onderskeid maak tussen wat heilig en wat onheilig, en tussen wat onrein en wat rein is.”***
- ✓ ***Spreuke 31:4 – “Die konings, o Lémuël, die konings moet nie wyn drink nie, en die vorste moet nie sterk drank begeer nie.”***

Koning Bénhadad het ‘n belangrike oorlog verloor omdat sy oordeel deur gegiste wyn belemmer was. ***“Terwyl Bénhadad hom dronk gedrink het in die tente, hy en die konings, die twee-en-dertig konings wat sy bondgenote was.” (1 Konings 20:16).*** Hy het die bespotlike onduidelike bevel gegee: ***“As hulle vir vrede uitgetrek het, gryp hulle lewendig; en as hulle vir oorlog uitgetrek het, gryp hulle lewendig.” (1 Konings 20:18).***

En dan is daar Bélsasar, koning van Babilon, wat in sy laaste dronk kordaatstuk doodgemaak is – terwyl hy gegiste wyn in die heilige bekers van die tempel van God geskink het (**Daniël 5:2-5**).

Daar word van ons gevra om heilige houers te wees, gevul met God se Gees. ***Moenie dronk word van wyn nie – daarin is losbandigheid; maar word met die Gees vervul.” (Efesiërs 5:18***). Weer eens, kan die Bybel duideliker wees?

**Opsomming**

Dit is ontnugterend om te besef dat selfs 4,300 jaar later, die sonde van Noag nog steeds vandag families verwoes. Het ons niks geleer nie? Matige gebruik van alkohol is nie God se antwoord nie – geheelonthouding is. Elke alkoholis begin sy of haar afwaartse pad met “matige” drinkery. Die kerk moet nooit daardie eerste stap goedkeur of toelaat deur te leer dat dit toelaatbaar is om ‘n bietjie wyn te drink nie. Die kerk moet eerder die duidelik houding inneem van die Woord van God, wetende dat Jesus die Woord is wat vlees geword het en onder ons kom woon het.

God se standpunt oor alkohol is duidelik, en dit was nog altyd. Alkohol is onheilig en onrein. Om van die wêreldse drank te gebruik, kan slegs God se hoë standaarde in die verleentheid stel.

Indien u ‘n probleem met drank het, nooi ek u uit om die Sewendedag-Adventistekerk (Transvaal Konferensie) te kontak by telefoonnommer (011) 616-6800 vir gratis leesstof oor alkohol en die Christen. Ons het duisende gesien wat van alkohol en ander verslawings bevry is deur die krag van God!

***“As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees.” (Johannes 8:36).***